
# 86 Doen slegs u wil, Heer




Doen slegs u wil, Heer, u wil met my,
toets en deursoek my, al moet ek ly!
Reiner as sneeu, Heer, was my vandag,
laag aan u voete wil ek steeds wag.

Doen slegs u wil, Heer, u wil met my,
moeg en verlate, o staan my by!
Raak en genees my, Heiland en Heer;
U kan almagtig oor my regeer!

Doen slegs u wil, Heer, u wil met my,
my hele lewe is U gewy.
Maak van my hart, o Heiland, u troon,
tot elkeen Christus in my sien woon.